VILLIE NUUS

Laerskool Villieria

27 Maart 2026

Villieskompas
(Blitsskakels)

2 Personeelaangeleentheid
3 Leerderaangeleenthede
4 Skoolklere
5 Fondsinsamelings & Verdaagtye
6 Ouertoegang tot die skoolterrein
Sosiale Media
7 Toesluitkassies
8 Kultuur
9 Sport
14 Borge
15 Gedagte vir die week
Villies gebedsgroepe
16 Kontakbesonderhede
17 Kalender
18 Advertensies

Personeel-aangeleentheid

AFSKEID

22 Jaar gelede is ‘n ongelooflike mens by Laerskool Villieria aangestel as onderwyseres. Sy het dadelik in haar mede-kollegas se harte ingekruip, nog méér in haar graad 2-kinders se harte – kinders wat nooit hul graad 2-juffrou sal vergeet nie.

Haar hart vir kinders en die onderwys, haar deernis, medelye en omgee, haar harde werk as onderwyseres, graadhoof en departementshoof deur haar loopbaan hier by Villies, gaan beslis ‘n leemte laat.

Met swaar harte groet ons vandag ‘n legende, ‘n vriendin, ‘n kollega, ‘n onderwyseres wie se merk wat sy gelaat het, nooit uitgewis sal kan word nie.
Juffrou René Olwagen (graad 2L) – baie sterkte en seën met die pad vorentoe, alles wat goed en mooi is uit die hand van God. Mag Hy jou en jou gesin seën met Sy goedheid en guns. Vrede en voorspoed vir jul tydperk van rus wat voorlê. Geniet elke oomblik, jul verdien dit.

Die Villies se gebed vir jou:



Leerder-aangeleenthede

RAPPORTE

Rapporte was gister aan alle graad R - tot 7 - leerders uitgedeel. Ouers/ Voogde, kyk asseblief in u kind(ers) se Villies Dagboek vir die skeurbriefie. Teken asseblief die skeurstrokie as erkenning van ontvangs van u kind(ers) se rapport(e).

SKOOL SLUIT

Soos per vorige Nuusbrief het die skool vandag vir graad R - tot 7 - leerders gesluit vir kwartaal 1.

SKOOL HEROPEN

Die skool heropen weer vir graad R -tot 7 - leerders vir kwartaal 2 op Woensdag, 8 April 2026.

Skoolklere

VILLIES TWEEDEHANDSE KLEREWINKEL

Baie goeie nuus vir al ons ouers/ voogde wat gewag het vir hierdie aankondiging – ons open amptelik ons klerewinkel waar tweedehandse skoolklere verkoop gaan word.

Ons vra vriendelik indien u **goed opgepaste skoolklere** het wat te klein is vir u kind(ers) of leerders wat die skool verlaat, om asseblief dit te skenk aan die skool sodat ons dit weer kan verkoop aan ouers/ voogde wat 'n behoefte het vir tweedehandse skoolklere. Kom ondersteun gerus ons winkel.

Ons sal die dae en tye wat die tweedehandse klerewinkel operasioneel gaan wees op 'n later stadium vir u deurgee.

Die twee datums wat ons solank vir u kan gee is:

- Saterdag, 11 April 2026 08:00 – 12:00
- Maandag, 13 April 2026 17:00 – 19:00 (Tydens ons oueraand)

VILLIES KLEREHUB

Ons Villies KlereHub waar nuwe skoolklere verkoop word, gaan steeds normaal voort.

- Maandae tot Vrydae 07:00 – 09:00

Fondsinsamelings

HUISHOUDELIKE PLASTIEKSAKKE

Ons volgende sakke uitdeel geleentheid sal aan u deurgegee word in die nuwe kwartaal.

Ingang by die motorhek in **29ste Laan. Geen sakke word oorhandig sonder dat u sakkebestelvorm by u is nie.**

Geen sakke word uitgehou nie, geen sakkebestellings telefonies of per e-pos nie.Indien u per EFT betaal, moet u die bewys van betaling, tesame met die bestel-vorm, stuur na u kind se klasvoog sodat u betaling deur mevrou Ida Roodt by ons finansiële kantoor kontrolleer kan word.

Verdaagtye

Graad R	Maandae - Vrydae	13:00
Graad 1 - 2	Maandae - Vrydae	13:15
Graad 3 - 7	Maandae - Vrydae	13:30

Indien daar ‘n verandering aan ‘n spesifieke dag se verdaagtyd is, sal dit vroegtydig aan u deurgegee word.

Ouertoegang tot die skoolterrein

Toegang na Ontvangs kan **SLEGS** verkry word deur aan te meld by die **kantoor-hekkie in Ben Swartstraat**. U sal dan bygestaan word met u navraag/ afspraak.
Kantoorhekkie: **Maandae – Donderdae (7:00 – 14:15) en Vrydae (7:00 – 13:45).**
Geen persoon, hetsy ouer/ voog of buite - persoon word op die skoolterrein toegelaat nie, tensy per afspraak.
Geen persoon sal toegelaat word om die skoolterrein te betree by enige ander ingang nie.
Ons vra vriendelik vir ouers/ voogde se samewerking in hierdie verband ter wille van ons leerders se veiligheid, asook ons skool en personeel se eiendom.

Sosiale Media

Volg asseblief die volgende skakel om toegang te verkry tot ons skool se nuwe **Facebookblad:** https://www.facebook.com/share/1CqaLgS3Kt/.
Ons vorige Facebookblad naamlik “Laerskool Villieria Amptelik” is nie meer in gebruik nie.
Volg asseblief die volgende skakel om toegang te verkry tot ons skool se nuwe **Instagramblad**: https://www.instagram.com/laerskool_villieria?igsh=N2praXo4bDd1M2tn

Toesluitkassies

- Daar is slegs nog ‘n **enkele paar toesluitkassies beskikbaar** teen **R150 elk** vir die jaar.
- Leerders kan kom navrae doen by mevrou Ida Roodt in die finansiële kantoor. EFT - betalings kan ongelukkig nie aanvaar word nie, aangesien ons werk op die basis van “First come, first serve.”
- **Slegs kontant- of kaartbetalngs.** Leerders moet ook reeds die nommer van die toesluitkassie ken wat hul wil gebruik voor hulle aanmeld by mevrou Ida Roodt.

Kultuur

KOOR (GRAAD 4-7)

Oefening hervat weer Maandag, 13 April 2026 (06:45 - 07:30)

REVUE

Oefening hervat weer Maandag, 13 April 2026 (13:45 - 15:15)

Leerders moet asseblief hul swart t - hemp onthou vir oefeninge!

SANG OPNAMES

Betrokke leerders wie reeds briewe ontvang het, gaan Woensdag, 8 April 2026 en Donderdag, 9 April 2026 vir die opnames.

Sport

NnetBAL

Mandjie-netbal (o/6):

Oefening:

- Donderdag, 9 April 2026 13:00 - 14:00

Mini-Netbal (o/7 – o/9)

o/7 - o/9

Oefening:

- Donderdag, 9 April 2026 14:00 - 15:00

o/7
- Volgens groepe

o/8
- Almal

o/9
- A - D spanne

Netbal (o/10 – o/13)

Baie geluk aan Olivia le Grand wat die o/12 - Tshwane Netbal "Squad" gehaal het. Sterkte vir jou laaste rondte proewe op Maandag, 6 April 2026.

Oefening:

- Donderdag (9 April 2026) Alle A- & B - Spanne 14:00 - 15:30
  Alle C - spanne 15:00 - 16:00

Opkomende Goalline - toernooi vir C - spanne

- Vrydag (17 April) 14:00 - 18:00 Laerskool Villieria

Sport vervolg

SAGTEBAL

Mini - Sagtebal (Graad 2 - en 3 - dogters)

- Inligting sal later volg

Sagtebal (o/10 - tot o/13 - dogters)

Ons deel solank die volgende datums en inligting met die ouers vir die komende 2026 sagtebal - seisoen

Ouers moet asseblief bewus wees van die volgende moontlike uitgawes:

Ons het nuwe sagtebalklere!

• Groen sagtebalbroek	R 300	Nuut
• Groen sagtebalhemp	R 280 - R 310	Nuut
• Langmou sagtebalhemp	R 305 - R 355	Soos 2025
• "Visor"	R 110	Soos 2025

Kursus en toer:

KURSUS/ TOER	WAAR	DATUM	SPANNE	KOSTE
Toer	Sediba Kwele	26 - 28 Junie 2026 (Skool vakansie)	o/12 A + B o/13 A + B	R 1 900 per dogter
Kursus	Laerskool Villieria	15, 16 Julie 2026 (Skool vakansie)	o/10 A + B o/11 A + B	R670 per dogter

Sport vervolg

RUGBY

Bulletjie - Rugby (Graad R - tot 2 - seuns)

Fooie:

Alle gelde word by die skool inbetaal. Indien u ‘n **EFT-betaling** doen in die skool se bankrekening, gebruik asseblief u familiekode, tesame met **PR980 as verwysingsnommer.** Die seisoenfooi beloop **R 512 p/speler.**

Villies-Naskoolleerders:

Indien u seun ‘n ingeskrewe naskoolleerder is en deur die naskoolpersoneel oorbaan geneem moet word (16:45) na die rugbyveld vir oefeninge, moet u die Naskool **skriftelik in kennis stel.**

Oefening:

- Woensdag (8 April 2026) 17:00 – 18:00

Wedstryde:

- Vrydag (10 April 2026) Day/ Night Tuis
- Saterdag (18 April 2026) Liga Tuis

Vir enige navrae of indien u nog nie deel is van die WhatsApp groep nie, kontak asseblief Johan Basson by 082 778 5800.

Sport vervolg

o/9 - tot o/13 - seuns

Oefening:

Geen oefening tydens die eerste week van die nuwe kwartaal nie.

Toere:

Ons is baie trots op die puik prestasies wat ons spanne behaal het tydens hul toere.

Wedstryde:

• Donderdag (9 April 2026)	o/9 tot o/13 Alle spanne	Laerskool Elarduspark (tuis)

Alle leerders sal programme ontvang.

o/11

- 1ste plek
- Mees aanskoulikste rugby
- Backline speler van die week: Lian Steyn

1ste span

- 1ste plek
- Mees aanskoulikste rugby
- Span met die beste gedrag vir die week
- Voorspeler van die week: Benjamin Strydom

Sport vervolg

SKAAK

Oefening:

- **Geen oefening gedurende die eerste week van die nuwe kwartaal nie.**

ATLETIEK

Baie geluk aan hierdie twee atlete wat die volgende prestasies behaal het tydens hul deelname aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe van 19 - 21 Maart 2026:

• Janko Labuschagne	o/11 Aflos - 1ste plek
	80m - 9de plek
• McKayla Fourie	Spiesgooi - 2de plek
• Cherise Meadows - Erasmus	Spiesgooi - 9de plek

Borge

Nogmaals baie dankie aan al ons borge vir die ruimhartigheid en ondersteuning.

(Pick n Pay Wonderboom Junction)

(Lone Hawk Spur)

(Postnet Wonderboom Junction)

(Superspar Wonderboom Junction)

Gedagte vir die week

He is not here; He is risen! Remember how He told you, While He was still with you in Galilee:
"The Son of Man must be delivered over to the hands of sinners, be crucified and on the third day be raised again"
Luke 24: 6 - 7

Gebedsgroepe

VILLIES GEBEDSGROEPE

Alle pappas, mammas, oumas, oupas, voogde en ondersteuners van Laerskool Villieria wat 'n hart vir gebed het, kom bid saam met ons!

Dames gebedsgroep:
In die Sportsaal (Sportvelde oorbaan).
Maandae 7:15 - 7:45
Vrydae 7:15 - 7:45
Volg die skakel om deel te word van die WhatsApp groep:
https://chat.whatsapp.com/Drxh2JX2GMXA4z1Z2ieXcg

Manne gebedsgroep:
By Christlife Ministries Kerk (In 30ste Laan langs die skool).
Vrydae 7:15 - 7:45

Kontakbesonderhede

Telefoonnommer:
012 331 1100

Selfoonnommer:
068 037 5421
Slegs indien landlyn buite werking is

Naskool:
076 511 6464
naskool@laerskoolvillieria.co.za

Algemene navrae:
villiesskool@icon.co.za

Aansoek om toelating:
maria@laerskoolvillieria.co.za

Bemarking:
bemarking@laerskoolvillieria.co.za

Villies Klerehub:
klerewinkel@laerskoolvillieria.co.za

Finansies en Nuusbriefadvertensies:
finansies@laerskoolvillieria.co.za

Kalender: Maart

MA	DI	WO	DO	VRY	SA	SO
23	24	25	26	27	28	1 Juf Nina (Assistent)
2	3 Rugby: Vriendskaplik: Garsfontein (T)	4	5 Netbal: Vriendskaplik: Louis Leipoldt (w)	6	7 Opedag	8
9	10 Rugby: Vriendskaplik: Danie Malan (T) Netbal: Vriendskaplik: Magalieskruin (T) **SW: GEO Gr 4 - 6** **SW: Geo & Gesk Gr 7**	11	12 Netbal: o/12A & o/13A D3-Proewe **PSW: Gr 6**	13 Rugby: Toer o/9A - o/10A (Zwartkloof) Netbal: Toernooi Curro Hazeldean (W)	14 Juf Elena, juf Mari-Lize, juf Mathilda & Johnny Rugby: Toer o/9A - o/10A (Zwartkloof) o/13 Midstreamdag Netbal: Toernooi Curro Hazeldean (w)	15 Mnr Xavier Assistent Rugby: Toer o/9A - o/10A (Zwartkloof)
16 Ilze (Admin) Mnr Wessie	17 Juf Casey Assistent Rugby: Vriendskaplik: Wonderboom (T) Netbal: o/12A & o/13A Inter-distriksproewe	18 Sokkie	19 Netbal: Vriendskaplik: Monument Park & Rooihuiskraal (T)	20 Entrepreneursdag Gr 1-3 Skool verdaag 13:00	21 Menseregtedag	22 Rugby: Volksrustoer o/11A & o/13A
23 Oom Flip Rugby: Volksrustoer o/11A & o/13A	24 Juf Cherise Assistent Rugby: Volksrustoer o/11A & o/13A Netbal: Tshwane proewe o/12 & o/13	25 Rugby: Volksrustoer o/11A & o/13A	26 Rapporte uitdeel Rugby: Oos-Moot toer o/9B, o/10B & o/11B Netbal: Skeidsregtereksamen	27 Skool sluit Rugby: Oos-Moot toer o/9B, o/10B & o/11B	28 Rugby: Oos-Moot toer o/9B, o/10B & o/11B	29
30 Rugby: Oos-Moot toer o/13B	31 Rugby: Oos-Moot toer o/13B	1 Rugby: Oos-Moot toero/13B	2	3	4	5

Advertensies

Advertensies

Studiblox

Studiemetode-kursus

Gereed vir jou kind om slimmer te leer? Om meer te leer in 'n korter tyd, toetse met selfvertroue te benader, en uit te blink in die klas?

Studiblox leer jou kind:

- Watter informasie gememoriseer, verstaan of ingeoefen moet word.
- Sleutels tot begrip.
- Eenvoudige stappe om opsommings / breinkaarte optimaal te benut.
- Memorisering (Mnemoniese) Tegnieke.
- Eksamenvoorbereiding en wenke vir die beantwoording van vraestelle.
- Tegnieke vir die beplanning en skryf van opstelle en toesprake.
- Wenke vir onvoorbereide praatjies.
- Praktiese Toepassing.

'n Blink Akademiese Toekoms Begin By Ons!

Rika Pieters: 0629985640
rikap.c@edublox.com
www.edublox.co.za

'n Blink Akademiese Toekoms Begin by Ons!

Edublox help kinders om hul volle akademiese potensiaal te bereik deur die ontwikkeling van intellektuele vaardighede. Ons geïntegreerde benadering ontwikkel lees, begrip en wiskunde op 'n buigsame en boeiende manier.

Leer is baie soos om 'n huis te bou.

Sonder 'n sterk fondasie, sal die mure kraak en inmekaarsak.

Kinders kort ook 'n sterk fondasie vir leer.

Kognitiewe opleiding bied die boublokke vir 'n sterk fondasie vir lees, skryf, en hoofrekene.

Edublox Moot Now at 321, 10th Ave Gezina

EDUBLOX

40+ Jaar in die bedryf | Navorsingsgebaseerd | 96% Verwysingsvertroue

kontak ons vandag!

Rika Pieters: 0629985640
rikap.c@edublox.com
www.edublox.co.za

*Dienste/Pryse aangebied kan verskil per tak.